33-1814- Palkudas - 81-ty

A/RR/9/1

7 Mei 1953.

Mnr. W. van Heerden,
Heightstraat 28,
JOHANNESBURG.

Geagte Mnr. van Heerden,

Hartlike dank vir die biografie wat u my laat toekom het. Aangesien ek weet hoe besig u is, waardeer ek die skets des te meer.

Ons was baie jammer dat u nie die samespreking met Mnr. Loescher kon bywoon nie. Die persone wat daar was (Dr. Biesheuvel; Dr. J.A. van Wyk en Ds. A. van Niekerk van Stofberggedenkskool, Mnr. F.W.C. Buitendag, Bestuurder van Nie-blankesake, Germiston, Mnr. L.T. Badenhorst, Lektor in Sosiologie aan die Universiteit Witwatersrand, en dan natuurlik die Loeschers) het almal die aand geniet en Dr. Loescher het my meegedeel dat dit die waardevolste en interessantste was wat hy nog bygewoon het. Ons het u egter gemis maar Dr. Loescher is baie bly om te verneem dat u hom later sal te woord staan. Ek sal u in dié verband bel.

Nogmaals baie dankie,

Die uwe,

F.J. van Wyk,
ONDERDIREKTEUR.

*W. van Heerden*

HEIGHTSTRAAT 28
JOHANNESBURG

29 APR 1953

Aan mnr F. van Wyk, posbus 97, Johannesburg

Willem van Heerden, gebore I2 Julie I903, distrik Odendaalsrus, Vrystaat, tweede seun van Pieter Willem van Heerden (oorlede in I945) en Johanna Elizabeth Steenkamp.

Gematrikuleer aan die Hoërskool, Odendaalsrus; B.A.-graad met onderskeiding in I925 aan die destydse Grey-universiteitskollege, Bloemfontein.

Joernalistieke loopbaan begin as junior-verslaggewer aan Die Volksblad, Bloemfontein. Volgende jaar, I927, aangestel as verslaggewer by Die Burger, Kaapstad. In I928 subredakteur, in I929 Parlementêre verslaggewer en in I929 aangestel as Politieke Korrespondent van Die Burger en Die Volksblad, in Pretoria gestasioneer.

In I932 aangestel as Assistent-redakteur van Die Vaderland; in I934 Hoofredakteur in opvolging van wyle Gustav Preller. Het van toe af op noue voet saamgewerk met wyle genl Hertzog tot by sy dood in I942. Sy leerstellinge bly die grondslag van my politieke geloof.

In I946 bedank as Hoofredakteur van Die Vaderland; het daarna enige maande lank waargeneem as Direkteur van Nuus en Praatjies by die S.A.U.K., en in Julie I947 aangestel as Hoofredakteur van Dagbreek.

Het in I950 uitvoerige studiereis onderneem na Europa en Afrika in verband met koloniale en kleurbeleid. Het met aanbevelings o.a. van wyle genl Smuts die Koloniale Ministeries in Londen, Brussel, Parys en Lissabon besoek en ~~d~~ koloniale beleid van hierdie lande in Afrika by die bronne bestudeer, en daarna die volgende gebiede besoek en beleid en toestande ter plaatse bestudeer: Nigerië, Frans-Equatoriale Afrika, Belgiese Kongo, Oeganda, Roeanda Oeroendi, Kenia, Niassaland, Noord-Rhodesië en Suid-Rhodesië, en alleen vlugtige besoeke aan die Goudkus en Tanganjika.

~~Getroud met Ella Harbin Melville, een dogter, woon in Emmarentia, Johannesburg~~

W. van Heerden

HEIGHTSTRAAT 28
JOHANNESBURG

In I930 getroud met mej Ella Harbin Melville, een dogter. Adres: "Tussenin", Greenhillweg 20, Emmarentia, Johannesburg.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.